Die Hoërskool Menlopark
Prosedure vir die toekenning van kleure en erekleure

1. **Die reglement is beskikbaar by *Public***
2. **Toepassing**
    a. Slegs leerders wat aan die vereistes, soos in hierdie reglement uiteengesit, voldoen, mag kleure en erekleure dra.
    b. Kleure en erekleure word deur die amptelike Kleurekomitee, wat deur die skoolhoof aangewys en aangestel word, toegeken.
    c. Die Kleurekomitee word soos volg saamgestel en vergader minstens een keer per kwartaal:
        - Wessel van Tonder – Direkteur Administrasie en sameroeper
        - Sias Conradie – Senior Adjunkhoof en krieket
        - Manie Geldenhuys – Senior Adjunkhoof en leierskap
        - Nico Erasmus – Afjunkhoof, atletiek en wintersport
        - Harm van Helsdingen – Adjunkhoof en kleiner sportsoorte
        - Elbeth Vermaak – Adjunkhoof en kultuur
        - Annieka Moolman – Adjunkhoof Bemarking en Skakeling
3. **Prosedure**
    a. Die verantwoordelike onderwyser of akademiehoof maak aan die einde van ’n aktiwiteit of seisoen ’n lys van die leerders wat kwalifiseer vir kleure of erekleure.
    b. Hierdie lys met skriftelike bewyse word dan aan die sameroeper van die Kleurekomitee voorgelê. Hy sal dié lys dan kontroleer en tydens die volgende vergadering van die Kleurekomitee voorlê vir goedkeuring.
    c. Wanneer die Kleurekomitee die lys goedgekeur het, sal dit aan die skoolhoof voorgelê word vir ondertekening.
    d. Sodra die hoof geteken het, mag die sertifikate uitgereik, die balkies aangekoop en gedra word.
    e. Leerders wat van ander hoërskole afkom en daar kleure of erekleure verwerf het, mag Die Hoërskool Menlopark se kleure of erekleure dra – op voorwaarde dat hulle prestasies by die vorige skool voldoen aan ons vereistes vir kleure of erekleure. Hierdie aansoeke moet, met bewyse, by die sameroeper van die Kleurekomitee ingedien word, wat dit dan vir oorweging aan die Kleurekomitee sal voorlê.
    f. Wanneer die Kleurekomitee daarvan oortuig raak dat ’n draer van die kleure of erekleure die skool oneer aandoen, kan die Kleurekomitee oorweeg om dié kleure of erekleure terug te trek. In só ’n geval sal die Kleurekomitee, nadat die geval deeglik ondersoek is en op ’n amptelike Kleurekomiteevergadering bespreek is en daar ’n geldige besluit in dié verband geneem is, ’n aanbeveling aan die skoolhoof voorlê. Die finale besluit in hierdie verband en die uitvoering daarvan berus by die skoolhoof.